Kompas

Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Jaargang 11 / no. 8
Augustus 2002

WêRELDBERAAD

Ons kry deesdae min tyd om asem te skep tussen al die besoeke van wêreldleiers in. Verlede maand het ons die voorreg gehad om kolonel Gaddafi en ander Afrika-leiers in ons land te hê vir die oprigting van die Afrika Unie. Dit was alreeds 'n groot geleentheid, maar hierdie maand wag daar nog groter dinge vir ons. Nie minder nie as 60 000 afgevaardigdes sal die Wêreldberaad vir Volhoubare Ontwikkeling in Johannesburg kom bywoon.

Die gewone burger soos u en ek is geneig om skepties te wees oor hierdie tipe byeenkomste. Dit lyk asof daar enorme bedrae geld op konferensies gespandeer word, terwyl al die gepratery niks tasbaars oplewer nie. Dit is moeilik om nie sinies te raak nie as 'n mens sien dat ons kontinent se voorste skurke en diktators die voorste stoele inneem op konferensies wat demokrasie in Afrika wil bevorder! Tog mag ons nie net negatief wees nie. Laat dit waar wees dat die Gaddafi's en die Mugabe's op die verhoog sit en dat humanistiese motiewe die botoon voer. Nogtans is die politieke beweging in Afrika demokratiserings-gerig. Dit is iets om voor dankbaar te wees en dit mag dalk tog oor die lang termyn 'n positiewe effek hê.

Dieselfde afwegings kan gemaak word met betrekking tot die Wêreldberaad in Johannesburg. 'n Mens kan vra of die konferensie werklik iets gaan oplewer. Op 'n voorbereidende vergadering wat onlangs op Bali (Indonesië) gehou is, kon daar geen ooreenstemming bereik word oor die afsprake wat in Johannesburg gemaak moet word nie. Dit is dus 'n oop vraag of die wêreldberaad in Johannesburg 'n konsensus oor wesentlike afsprake sal kan bereik.

Nogtans sou dit jammer wees as ons die Johannesburg-konferensie by voorbaat afskryf en geen notisie neem van wat daar gebeur nie. Die feit dat daar 'n wêreldwye beweging is wat hom beywer vir bestryding van armoede en bewaring van die aarde, is positief. Ook al is die motiewe weer eens humanisties, of selfs 'New Age', tog kan dit onder God se voorsienige leiding 'n positiewe effek hê.

Die tema's wat in Johannesburg behandel word, is tema's wat Christene na aan die hart lê. 'Volhoubare ontwikkeling' kan onderverdeel word in drie tema's, naamlik maatskaplike ontwikkeling, ekonomiese ontwikkeling en beskerming van die omgewing. Die sentrale vraag is: Hoe kan 'n mens op so 'n manier ekonomies ontwikkel en armoede bestry dat die omgewing nie daaronder ly nie?

Hierdie vrae behoort ons as Christene ook besig te hou. God het die mens as rentmeester op die aarde geplaas. Dit is die mens se roeping om die aarde te ontwikkel en tot ontplooiing te bring. Tegelyk moet dit op so 'n manier gedoen word dat die skepping nie skade ly nie. Vanuit hierdie perspektief is dit tog belangrik dat ons as Christene die gebeure in Johannesburg met belangstelling volg.

Ons wil in Kompas ook graag 'n bydrae lewer. In dié uitgawe verskyn daar 'n voorbereidende artikel wat geskryf is deur dr Gerard Hagg. In die Oktober-uitgawe hoop ons om drie artikels aan die tema 'volhoubare ontwikkeling' te wy.

AJdV

In Hierdie Uitgawe

Tema: K Schilder

- **Schilder se lewe en werk 3**
- **Herinnerings aan Prof. Schilder 4**
- **Schilder oor die konfessie 7**
- **Schilder oor die verbond 8**
- Die plaaslike kerk 2
- Briewe: Reaksie op sinode-besluite 10
- Onderhoud met Belhar-studente 13
- Volhoubare ontwikkeling . 15
- Proefbuisbaba's 17
- Persskou 19

DIE PLAASLIKE KERK VOLLEDIGE KERK

Ds. JR Visser

LEER VAN DIE SKRIF

Dit is belangrik om te sien dat elke plaaslike kerk 'n volledige, komplete kerk is. Ons sien dit raak as die apostels volgens Christus se bevel die wêreld deurgaan om die evangelie te verkondig. **Die gemeentes wat ontstaan is nie** deel van die moederkerk **in** Jerusalem nie.

Nadat 'n groot vervolging in Jerusalem gekom het en die gemeente oor Judea en Samaria verstrooi word, ontstaan daar gemeentes in die hele land. Die Here gebruik hierdie vervolging om daarvoor te sorg dat 'n deel van sy woorde in Hand. 1:8 werklikheid word: "maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as **in die hele Judea en Samaria** en tot aan die uiterste van die aarde."

Ons lees in Handelinge 9 hoe daar in die hele Joodse land kerke van Christus ontstaan het: "En die **gemeentes** deur die hele Judea en Galilea en Samaria het vrede gehad; en terwyl hulle opgebou is en gewandel het in die vrees van die Here en die vertroosting van die Heilige Gees, het hulle vermeerder." Elke gemeente is 'n volledige kerk van Christus. Die gemeentes het elkeen hul eie ampsdraers wat hul eie taak in daardie gemeente het. Ons lees dat wanneer Paulus die evangelie in verskillende plekke verkondig het en die Here dit so seën dat 'n gemeente ontstaan, hy en sy medewerkers die volgende doen: "En hulle het in elke gemeente vir hulle ouderlinge gekies, en hulle, na gebed en vas, opgedra aan die Here in wie hulle geglo het."

Ons sien ook dat die apostels as hulle briewe skryf die gemeentes as volledige kerke eerbiedig. Hulle spreek die gemeente self aan op dit wat daar gebeur. Paulus en die ander vermaan die plaaslike kerk as daar sondes is en roep daardie kerk op om op daardie punt hulle lewe te verander. Ek noem net twee voorbeelde:

> "Paulus, 'n apostel van Jesus Christus deur die wil van God, aan die heiliges wat in Efese is, en die gelowiges in Christus Jesus: Genade vir julle en vrede van God, onse Vader, en die Here Jesus Christus." Efesiërs 1:1,2
>
> "Paulus en Timoteus, diensknegte van Jesus Christus, aan al die heiliges in Christus Jesus wat in Filippi is, saam met die opsieners en diakens: Genade vir julle en vrede van God ons Vader en die Here Jesus Christus." Fil. 1:1

Soms word daar in een brief meerdere gemeentes aangespreek. Dit gebeur dan sonder dat Paulus die een gemeente bo die ander stel. Elkeen moet in sy eie gemeente die gesag van die Woord aanvaar en daarvolgens besluite neem. 'n Voorbeeld daarvan is die brief aan die Galasiërs wat so begin: "Paulus, 'n apostel nie vanweë mense of deur 'n mens nie, maar deur Jesus Christus en God die Vader wat Hom uit die dode opgewek het, en al die broeders wat by my is – **aan die gemeentes van Galasië**: Genade vir julle en vrede van God die Vader en onse Here Jesus Christus." Die Here Jesus Christus is self die groot voorbeeld soos wat Hy in die aanspreek van gemeentes wys dat elke gemeente 'n volledige kerk van Hom is. Christus roep sy apostel Johannes op die eiland Patmos om die boek Openbaring te skryf. Hierdie boek, hierdie openbaring van Jesus Christus moet in die eerste plek aan 7 afsonderlike gemeentes gestuur word: "Efese en Smirna en Pergamus en Thiatire en Sardis en Filadelfia en Laodicea." (1:11)

Dan volg in hoofstuk 2 en 3 vir elke gemeente 'n aparte brief vir elke gemeente. Dit is Christus as die Koning van die kerk self wat elke gemeente op sy swak en sterk punte wys. Die gemeentes self word deur Christus aangespreek om sekere sake in die gemeentes te verander. Die gemeentes self word aangespreek om hulle wat in leer en lewe dwaal en sondig te tug. 'n Voorbeeld daarvan is wat Christus vir die gemeente van Pergamus skryf: "Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bíleam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer. So het jy ook mense wat vashou aan die leer van die Nikolaiete, wat Ek het haat. Bekeer jou; anders kom Ek gou na jou toe en sal teen hulle oorlog voer met die swaard van my mond." Openb 2:14-16.

Hiermee word dit duidelik dat elke plaaslike gemeente 'n volledige gemeente van Christus is. Elke gemeente staan in volle verantwoordelikheid voor Christus. Dit is ook daarom dat Paulus in 1 Korintiërs 12, as hy praat van die eenheid van die liggaam, in vers 27 kan skryf: "Maar **julle** is die liggaam van Christus en lede afsonderlik." Die Heilige Gees noem 'n afsonderlike gemeente Christus se liggaam. Dit is dus duidelik dat elke plaaslike gemeente 'n volledige gemeente van Christus is met daardeur 'n eie verantwoordelikheid teenoor Christus as die Koning van die kerk. ¤

Eienaar en uitgewer:
Stigting Woord en Wandel

Drukker: Victoria Drukkery
Tel. (012) 331-3750

Kernredaksie: dr AJ de Visser
(eindredakteur)
ds C Kleijn
J Moes
Mev. M de Vries
A Roos

Redaksie: Mev. M de Vries
Cunninghamlaan 1299
Waverley 0186
Tel. (012) 332-3168

E-pos adres:
kompas@Cybertrade.co.za

Nederland: Mev. T Huisman
Wintersstraat 7
8331 DN Steenwijk
Tel. (0521) 517 771

Administrasie: Mev. H Groenwold
Posbus 23931
Gezina 0031
Tel. (012) 335-2761

Intekengelde:
E-pos: R40 per jaar
Suid-Afrika: R80 per jaar
Nederland: Seepos •20
Lugpos • 30

K SCHILDER SE LEWE EN WERK

Dr AJ de Visser

TEMA: K SCHILDER

Die ou mense het gepraat van 'K.S.'. Dit was die letters waarmee K Schilder sy artikels in 'De Reformatie' onderteken het. Sy naam is verbind aan die groot skeuring in die Gereformeerde Kerken in Nederland in 1944. Hy was 'n geniale skrywer en teoloog. Wie was K.S.?

Klaas Schilder is gebore in 1890 in Kampen, Nederland. In daardie stad het hy opgegroei, skoolgegaan en ook sy teologiese opleiding gevolg. In 1914 het hy predikant geword. Hy het agtereenvolgens die gemeentes van Ambt-Vollenhove, Vlaardingen, Gorinchem, Delft, Oegstgeest en Rotterdam-Delfshaven gedien.

Reeds as jong predikant het Schilder sy merk gemaak as 'n begaafde skrywer en 'n selfstandige teoloog. Dit was die tyd net na die afsterwe van twee groot voorgangers, nl. Abraham Kuyper en Herman Bavinck. Daar was baie woelinge in die gereformeerde kerke. Aan die een kant was daar mense wat die erfenis van Kuyper en Bavinck soveel as moontlik wou bewaar. Aan die ander kant was daar 'n beweging van jonger predikante wat in 'n liberale rigting geneig het. Bowendien het die teoloë Karl Barth en Emil Brunner met hul sogenaamde dialektiese teologie groot invloed in Nederland begin kry. Schilder het homself in artikels en in boeke met al hierdie verskillende stromings gekonfronteer. 'n Deurlopende tema was sy verdediging van die betroubaarheid van die Woord van God. Bekende boeke wat in hierdie tyd deur hom geskryf is, is onder andere *Wat is de hel?* en *De Openbaring van Johannes en het sociale leven*.

In hierdie vroeë jare het Schilder ook pragtige werk gedoen op 'n populêr-eksegetiese terrein. Hy het die heilshistoriese en openbaringshistoriese benadering voorgestaan en dit prakties uitgewerk in sy preke en meditasies. Sy vermoë om eksegetiese vaardigheid en dogmatiese insig met digterlike seggingskrag te artikuleer, het hom die leier gemaak van 'n beweging van jong predikante wat deur hom geïnspireer is tot kragtige, gereformeerde prediking. In 1930 het die boek *Christus in Zijn lijden* verskyn. In hierdie driedelige werk het Schilder op 'n indrukwekkende manier die lyding van die Here Jesus Christus beskryf soos wat die evangelies daaroor praat. Daarby het hy duidelik uiteengesit hoe Christus in sy lyding die drievoudige amp van profeet, priester en koning vervul het.

PROFESSOR

Terwyl Schilder predikant in Rotterdam was, het hy verlof gekry om 'n nagraadse studie te doen in Erlangen, Duitsland. Hy het sy doktersgraad met hoogste lof verwerf met 'n proefskrif oor die geskiedenis van die paradoks-konsep, waarby hy aandag geskenk het aan Kierkegaard se filosofie en Calvyn se teologie.

In 1933 het die sinode van Middelburg hom benoem tot professor in dogmatiek aan die teologiese seminarie in Kampen. 'n Nuwe tydperk het in Schilder se lewe aangebreek. Schilder het hom onderskei as 'n verdediger van die gereformeerde belydenisskrifte. Hy het onder andere verdedig wat die Dordtse Leerreëls oor die uitverkiesing bely. Hy het ook 'n baie mooi boek oor die kerk geskryf onder die titel *Ons aller Moeder.*

In daardie selfde tyd het Adolf Hitler se Nazi-party beheer in Duitsland oorgeneem en 'n soortgelyke beweging het in Nederland begin invloed kry. Schilder het gewaarskuteen die beginsels van die nasionaalsosialisme in sy boekie *Geen duimbreed!*

Op teologiese terrein het hy hom verdiep in die genadeverbond en baie daaroor geskryf. Hy het hom ook krities uitgelaat oor sekere sienings van Abraham Kuyper, o.a. Kuyper se siening oor algemene genade en sy siening oor die doop. Hierdeur het Schilder hom die misnoeë van Kuyper-volgelinge op die hals gehaal. 'n Teoloog met die naam van Valentyn Hepp het Schilder begin aanval en gesê dat daar 'dreigende deformasie' in die kerke is. Waar daar voorheen waardering vir Schilder was omdat hy die gereformeerde leer na buite toe verdedig het, het daar nou weerstand teen hom begin opbou.

OORLOG

Die Tweede Wêreldoorlog het uitgebreek. In 1940 is Nederland deur Duitsland aangeval en 'n vyfjarige besetting het gevolg. Schilder is gevange geneem en tronk toe gestuur omdat hy hom krities uitgelaat het oor die Duitse nasionaal-sosialisme. Daarna is hy weer vrygelaat, maar daar is 'n skryfverbod aan hom opgelê. In die oorlogsjare was sy lewe onseker. Hy moes vir lang periodes op geheime plekke skuil.

Nogtans het sy teenstanders in die kerk nie gehuiwer om hom by te kom nie. Die sinode van Utrecht het in 1942 'n aantal besluite geneem waarin Kuyper se teologiese sienings as bindend aan die kerke opgelê is. Toe Schilder dit nie wou aanvaar nie, is hy geskors en afgesit. Wat 'n tragiese verloop van sake! Die man wat die gereformeerde leer hartstogtelik verdedig het, is deur sy eie kerke verwerp - nie omdat hy in stryd met die Skrif was

nie, maar omdat hy geweier het om 'ja en amen' te sê op die menings van 'n teoloog. Schilder was nie die enigste slagoffer nie. Prof. Greijdanus is saam met hom afgesit.

Die aksies teen Schilder en Greijdanus het gelei tot 'n beweging van mense wat bekommerd was oor die besluite van die sinode. In 1944 was daar 'n vergadering in Den Haag waarby Schilder die sogenaamde *Verklaring van Vrijmaking en Wederkeer* voorgelees het. Dit het gelei tot die ontstaan van die 'vrijgemaakte' Gereformeerde Kerke. Die eerste sinode van die kerke het besluit dat die teologiese skool moet voortgaan en dat Schilder en Greijdanus as professore sal dien. Die volgende jaar is drie nuwe kollega's benoem: Holwerda, Deddens en Veenhof.

In die jare na die Vrymaking het Schilder voortgegaan om die kerke te dien met die vrugte van sy teologiese studie. 'n Enorme projek wat hy aangepak het, was 'n kommentaar op die Heidelbergse Kategismus. By sy oorlyde in 1952 het hy slegs tot by Sondag 10 gevorder maar dit het reeds naby die tweeduisend bladsye in beslag geneem. Die kommentaar is in vier lywige dele uitgegee.

Op 23 Maart 1952, vyftig jaar gelede, is Schilder oorlede. Sy skielike dood was 'n skok vir die vrygemaakte kerke.

BETEKENIS

Schilder se betekenis as teoloog lê daarin dat hy sekere tema's op 'n nuwe en vars manier aan die orde gestel het. 'n Mens dink hierby aan tema's soos die verbond, die kerk, die kultuurmandaat, en die heilshistoriese verstaan van die Skrif.

Prof. J Faber, emeritus-professor dogmatiek in Hamilton (Kanada), meen dat Schilder se betekenis veral daarin lê dat hy die betroubaarheid van die Skrif verdedig het. In die boek *Always Obedient* (sien verwysing onder aan artikel) skryf hy die volgende: "Schilder het die betekenis van God se openbaring in die geskiedenis en die betroubaarheid van die Woord van die God van die verbond op 'n drievoudige manier verdedig. Hy het dit gedoen teenoor (1) die dialektiese teologie van Barth en Brunner, (2) die skolastieke elemente in die teologie van Kuyper, en (3) sommige Kuyperiaanse invloede in die filosofie van Dooyeweerd" (bl. 12, in vertaling).

Vyftig jaar na Schilder se dood, gedenk ons dankbaar dat die Here sy lewe en sy werk gebruik het vir die vergadering van sy wêreldwye kerk.

Naskrif: Vir hierdie artikel is gebruik gemaak van prof. J. Faber se artikel 'Klaas Schilder's Life and Work'. Dit verskyn in die boek 'Always Obedient', red. J. Geertsema, in 1995 uitgegee deur P&R Publishing, Phillipsburg. ¤

HERINNERINGE AAN PROF. DR. KLAAS SCHILDER

- Onderhoud met ds. W. Boessenkool

Dr. AJ de Visser

TEMA: K SCHILDER

Hierdie jaar is dit vyftig jaar gelede dat dr. Klaas Schilder oorlede is. Die mense wat hom nog persoonlik geken het, raak min. Een van hulle is ons emeritus-predikant ds. Wim Boessenkool, wat as student Schilder se klasse bygewoon het. Ons het ds. Boessenkool per e-pos uitgevra oor wat prof. Schilder vir homself en vir die kerke in die algemeen beteken het.

Ds. Boessenkool vertel eerstens oor die dag van Schilder se afsterwe in 1952: "Die dag dat my hooggeagte leermeester, prof.dr. K Schilder oorlede is, 23 Maart, was 'n besondere dag want op daardie selfde datum agt jaar tevore (1944) is prof. Schilder deur die Sinode van die Geref. Kerke in Nederland as professor en as emeritus-predikant van die kerk te Rotterdam-Delfshaven geskors. Hy is as 'n skeurmaker veroordeel volgens die destydse art. 79 en 80 van die kerkorde. Hy is beskou as iemand wat skeuring veroorsaak in die wingerd van God. Toe die berig van sy skorsing by sy onderduik-adres in Leiden uitkom (hy het ondergeduik omdat die Duitse Gestapo hom gesoek het), het hy agter die huisorrel gaan sit, Ps. 25 gespeel en die tiende vers gesing: "Eenzaam ben ik en verschoven, ja, d' ellende drukt mij neer". So het hy sy siel opgehef tot God en met sy nood na die Here gegaan.

Agt jaar daarna, op 'n Sondagoggend, is hy uit hierdie aardse lewe weggeneem en is die oorwinningskrans aan hom uitgereik. Hy mog ingaan in die vreugde van sy Heer in wie hy geglo en in wie se diens hy hom opgeoffer het. Hy was jonk, slegs 62 jaar. Maar wie van die reformatore het oud geword? Inderdaad, prof. Schilder was 'n reformator van die 20ste eeu, stryder vir die vryheid van staat en kerk.

Ons het nog so baie van hom verwag: onder andere die hersiening van die derde deel van 'Christus in Zijn lijden', en die voltooiing van die Kategismus-verklaring (hy het gevorder tot Sondag 10). Maar die Here het sy hand stil gelê en gesê: Dit is genoeg, my kneg. Ek sal self

verder my duurgekoopte Kerk na die heerlikheid van die vryheid van die kinders van God lei.

Toe Schilder se dood op die nasionale radio se nuusdiens bekendgemaak is, het 'n groot skok deur die kerke gegaan. Wie kan hom vervang? Wie moet die studente onderrig gee? Nog baie meer vrae het in die kerke opgekom. Almal het besef dat die Here 'n baie begenadigde broeder uit ons midde weggeneem het."

U WAS SELF 'n STUDENT BY PROF. SCHILDER. KAN U IETS OOR DAARDIE TYD VERTEL? HOE ONTHOU U HOM AS 'n DOSENT?

Inderdaad was dit vir my 'n genadevoorreg dat ek die lesings van prof. Schilder mog volg van September 1945 tot my kandidaatseksamen in Julie 1948. In die begintyd, net na die Vrymaking, was daar slegs twee professore, t.w. prof. Greijdanus en prof. Schilder. Prof. Schilder het in daardie tyd nie net sy eie vakke aangebied nie (dogmatiek, etiek en simboliek), maar ook preekkunde, kategetiek, kerkgeskiedenis en kerkreg.

Wat my die meeste beïndruk het, was Schilder se fenomenale kennis van al die vakke. In sy uiteensettings was hy baie breed, sodat ons sou begryp waaroor dit gaan. Altyd was hy bereid om op vrae van studente te antwoord.

Ek het veral Schilder se lesings tydens die praktiese preekklasse geniet. Hy het die diepte van die teks probeer deurgrond. Hy het pragtige vergesigte vir ons oopgemaak wanneer ons by die heilshistoriese benadering van die teks gekom het. Hy het soms waardering oor 'n preekvoorstel van 'n student uitgespreek, maar nie dikwels nie. Hy het daarop aangedring om 'n goeie tema en verdeling te maak, sodat die kerkgangers die lyn van die preek makliker kan volg.



Ds. en Mev. Boessenkool

HET U HOM HOOR PREEK? HOE WAS HY AS 'n PREDIKER?

'n Enkele keer het ek hom hoor preek in die Nuwe Kerk in Kampen. Dit was in die tyd toe ek nog nie preekkonsent gehad het nie. Nadat ek preekkonsent gekry het, was ek selde in Kampen.

Die preek wat ek gehoor het was oor Efesiërs 4:8, op 'n Hemelvaartsdag. Die tema onthou ek nog: "Die dubbele vrug van Christus se hemelvaart". Sy styl was lewendig en dit was nie moeilik om die lyn te volg nie. Hy het die verbande tussen 2 Sam. 6, Ps. 68 en Ef. 4 helder uiteengesit en 'n praktiese toepassing gemaak: Ons kan die heerlike vrug van Christus se hemelvaart daagliks ontvang deurdat die Here aan sy kerk ampsdraers gegee het. Hulle is sy gesante wat sy woorde deurgee om die gelowiges wys te maak tot saligheid.

IN WATTER MATE IS U SELF DEUR PROF. SCHILDER GEVORM?

Die eerste beginsels van die Christelike lewe, nl. die vrees van die HERE, is by die huis deur my ouers aan my oorgedra, veral deur my moeder. In die tyd voor die Vrymaking was daar predikante wat opgelei is aan die Vrye Universiteit in Amsterdam en predikante wat opgelei is in Kampen. Daar was duidelik groot verskille in die prediking.

Gelukkig kon ons alle brosjures en pamflette ontvang wat in verband gestaan het met die kerklike stryd en die gang van sake op die sinode.

In donker wintersaande het ons kerksake bespreek, veral oor die kinderdoop en oor die beloftes van die Here: of dit slegs vir die uitverkorenes was of vir alle verbondskinders.

Daarna het prof. Schilder ons teologiese verdieping gegee. Inderdaad, ek is 'n dissipel van prof. Schilder en teologies deur hom gevorm. Maar ek is nie 'n Schilder-*fan* wat alles goedkeur wat hy gedoen of geskryf het nie, want die Woord van God gaan bo alles. Ek hoop om so lank as die Here my laat lewe, my daardeur te laat lei.

HOE SOU U PROF. SCHILDER AS TEOLOOG EVALUEER? WAS HY EEN VAN DIE GROOTSTE TEOLOË VAN DIE 20STE EEU? WAS DAAR LEEMTES IN SY TEOLOGIE? HET HY NUWE TEMA'S OF INSIGTE AAN DIE ORDE GESTEL?

Alles was nuut vir ons as studente. Maar vir ek het altyd gesê: Al was dit maar net vir my eie geloofslewe, sy onderrig insake die verbond sou ek nie graag gemis het nie. In die tyd voor die Vrymaking was dit gangbaar om te praat van 'n uitwendige en 'n inwendige verbond. Die verbond was slegs vir die uitverkorenes, ons moes maar veronderstel dat die kind wat gedoop word, uitverkore is. Dit is 'n totale ondermyning van die betroubaarheid van God se Woord. Daarteenoor die ryke boodskap van God se ontwyfelbare beloftes, bevele en bedreigings.

Myns insiens is prof. Schilder een van die grootste teoloë van die 20ste eeu. Maar om 'n evaluering van hom te gee, daartoe ag ek myself nie in staat nie. Prof. Schilder wou in alle opsigte sy onderrig op die Skrif grond. Die Woord van God was vir hom die hoogste gesag. Hy het leemtes gehad. Elke mens ken slegs ten dele. Maar wat hy sentraal gestel het, was dat die belydenis op die Skrif gegrond was. Veral die artikels oor die kerk het sy belangstelling gehad. Hy het gesê dat daar geen pluriformiteit VAN die kerk is nie, maar wel pluriformiteit IN die kerk.

DAAR WORD SOMS GESê DAT PROF. SCHILDER IN DIE KERKLIKE POLEMIEK TE SKERP WAS. IS DIT SO?

Prof. Schilder het in Erlangen (Duitsland) gepromoveer. Daar het hy die opkoms van die Nasionaal-Sosialisme (Nazisme) gesien. Hy het ook gesien hoe die kerke Hitler as 'n Godgegewe geskenk gesien het. Toe hy terug was in Nederland, het Schilder met alle mag teen die 'ras, bloed en bodem'-ideologie gestry. Dink byvoorbeeld aan sy brosjure 'Geen duimbreed!' En nadat die Duitsers Nederland binnegeval het en Nederland besette gebied geword het, het hy in sy weekblad 'De Reformatie' die mense wakker geskud, onder andere met die artikel 'Uit de schuilkelder, de uniform aan'. Die Duitsers het gou besef dat hierdie weekblad 'n groot gevaar vir hulle inhou, en dit is reeds in Augustus 1940 verbied om verder te verskyn. Prof. Schilder is gevange geneem en toe hy later vrygelaat is, is hy verbied om enigiets verder te publiseer. Anders sou hy weer gevange geneem word en na 'n konsentrasiekamp gestuur word.

Ons het nooit gehoor dat sy polemiek teen die Nazi's te skerp was nie. Hy het met sy pen geveg vir die vryheid van die staat. Niemand het beswaar aangeteken dat sy polemiek teen die Nazisme te skerp sou wees nie.

Op kerklike terrein het hy vir die vryheid van die kerk gestry. Hy het dit gehaat as die kerklike elite sake 'bekook' in die kerk. Die Here het hom 'n skerp insig gegee waardeur hy die agtergrond van sulke optrede raakgesien en oopgevlek het. As sitate van ou skrywers verkeerd of buite konteks aangehaal is, het hy dit ontmasker. Is dit verkeerd? Is dit te skerp? Ons leef in 'n postmoderne tyd met die gedagte: Moenie seermaak nie. Maar dien ons die Waarheid daarmee? Ons soek die kompromis, maar dien ons daarmee die kerkvergadering van ons Heiland Jesus Christus? Waar is vandag die gees van Maarten Luther: "Hier staan ek, ek kan nie anders nie. Mag God my help!" Sagte heelmeesters maak stinkende wonde.

WAT SOU BESTUDERING VAN PROF. SCHILDER SE WERKE VANDAG NOG VIR ONS KON BETEKEN?

Verlede jaar het ek die lesers van Kompas gewys op die uitgawe van al die werke van prof. Schilder wat in vyftien dele sal verskyn. Drie dele het reeds verskyn, en daar word beplan dat daar elke jaar ten minste een deel sal verskyn. Vanweë die Rand wisselkoers is dit wel 'n duur uitgawe vir ons, maar dit is 'n bron van onskatbare waarde. 'n Honderd Rand per jaar. Die vraag is: Waar lê ons prioriteite? Ek onthou hoe prof. Schilder meer as een maal by sy lesings 'n belydenis uitgeroep het: "Amici (vriende), hoe heerlik is dit om gereformeerd te wees!" Laat ons dan as dankbare kinders van die reformasie sy werke bestudeer tot heil van land en volk.

Vir almal wat dit lees, sê ek: "Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na!" (Hebr. 13:7) ¤

’n VERGETE LIED
- OM GEREFORMEERD TE WIL WEES IN ALLES

Ds. E Viljoen

TEMA: K SCHILDER

Wanneer ons nadink oor Schilder se waardering van die Gereformeerde belydenis en belydenisgeskrifte, moet ons nie verwag om iets totaal nuuts of uniek by hom te vind nie. Schilder wou gewoon Gereformeerd wees. Hy het egter wel die gawe gehad om die aktualiteit van die belydenis vir ’n nuwe tyd met nuwe vrae raak te sien.

Dr S Greijdanus, dr K Schilder en B Holwerda (1946)

Schilder het die gawe gehad om die tradisionele formulerings van die Drie Formuliere van Eenheid opnuut vanuit die Skrif te belig en daarmee ’n vars appèl op mense se gewetens te maak. Vir sy eie geslag kon hy helder aantoon hoe aktueel die belydenis is vir vrae wat hul lewe elke dag diep geraak het. Veral na die ingrypende invloed van die Eerste Wêreldoorlog. Vrae van kerklike en polities/sosiale aard word dikwels op ’n verrassende, helder en persoonlike manier na vore gebring. Gereformeerd-wees het hy weer as ’n lied laat funksioneer - ’n lied vir ons hele lewe.

EENHEID IN DIE NODIGE, VRYHEID IN DIE ONNODIGE EN IN BEIDE DIE LIEFDE

Kenmerkend van Schilder se werk as predikant en teoloog was dat hy die eenheid van die kerk van Christus op aarde begeer en hom daarvoor ingespan het. Ware eenheid is egter nooit ’n mensgemaakte saak nie. Kerklike eenheid is nie iets wat verkry word deur kerklike politiek waarin daar met die Christelike belydenis gewerk kan word asof dit ’n artikel is waarmee ons kan onderhandel nie. Eenheid en vrede wat verkry word deur ’n oënskynlike “ruimheid van hart” waardeur ’n deel van die Christelike belydenis prysgegee word, sal altyd uitloop in ’n engheid van hart teenoor elkeen wat wil vashou aan die Gereformeerde belydenis.
In 1932 skryf Schilder twee opvolgartikels oor die sinspreuk: *in necessaries unitas, in non necessaries libertas, in utrisque caritas* (eenheid in die nodige, vryheid in die onnodige en in beide die liefde) na aanleiding van ’n historiese studie van prof. A Eekhof. Prof. Eekhof het die oorsprong, betekenis en verspreiding van die spreuk nagevors. Schilder sien onmiddellik die belang hiervan vir die manier waarop baie in sy tyd omgegaan het met die Christelike belydenis. Sy vraag is **wie die een is wat liefde bewys**. Is dit die een wat sonder om na te dink ’n vriendelike gebaar maak om die eenheid te bewerk, terwyl die handhawing van die belydenis van die kerk van Christus as nie noodsaaklik geag word nie? M.a.w. is dit die een wat kerklik sy staanplek inneem waar nie een van die twee partye behoort te staan nie? Of word liefde bewys deur die een wat bid dat God hulle twee saam mag terugbring na die plek waar albei behoort te staan? Kan daar ooit gewerk en geleef word met die gedagte dat Christelike liefde tot sy reg kom waar vasgehou word aan dit wat noodsaaklik is en waar vryheid aan mekaar gegun word in dit wat onnodig is? Kry die Christelike liefde in ’n saambring van hierdie twee gedagtes sy ware plek?

WAT IS DIE LIEFDE?

Schilder vra ’n paar indringende vrae oor die gebruik van hierdie spreuk in die soek na kerklike eenheid en bewys van liefde aan mekaar in die gemeenskap van die gelowiges. Wat is die nodige in die Christelike belydenis? Of wat is die onnodige? Kan ons ’n skeidslyn trek tussen die twee? Wat is ware Christelike vryheid? Wat is die liefde wat Christus ons beveel? Hoe kan ek aan my medegelowige die beste gee wat ek het? Mag ek ooit my medegelowige laat staan op ’n plek waar hy nie mág staan nie? Mag ek saamwerk in ’n eenheid waar noodsaaklike aspekte van die geloof as onbelangrik geag word? Schilder pleit dat die broeder wat opreg wil nagaan of daar in verantwoordelikheid voor God geleef kan

word met hierdie spreuk, die geleentheid en vryheid daarvoor tog mag vra.

Histories het die Rooms-Katolieke, Remonstrante, Piëtiste en ook die Lausanne konferensie vir "Faith and Order" (voorloper tot die Wêreldraad van Kerke) in 1927 hierdie spreuk met instemming gebruik. As Gereformeerdes wil ons egter weet waarna die "nodige" verwys. Is dit wat "nodig" is vir ons verlossing? Of dalk iets anders? Of die onnodige - waarvoor is dit nie nodig nie? Of moet ons die *on-nodige* eerder as die *on-duidelike* verstaan? Of as die *twyfelagtige*? Schilder vra of dit dan Christelik is om dit wat vir my nog onduidelik is as twyfelagtig te beskou of selfs as onnodig te ag. Wanneer ons die gebod van God in konkrete situasies nie verstaan nie, gee dit ons tog nie die reg om die gevolgtrekking te maak dat ons God dan nie meer hoef te gehoorsaam nie. Is dit die liefde wat die wet van die Here vra?

NOOTBALKE, NOTESKRIF EN GELOOFSBELYDENISSE

God is 'n komponis wat die musiek van die Christelike lewe gekomponeer het. Hierdie beeld leen Schilder by Eekhof. In 'n suiwer musiekstuk, is die komposisie een geheel. In feite is die onderskeiding tussen wat nodig en onnodig in 'n musiekstuk is, 'n belediging vir die Komponis. Verandering aan die noteskrif is niks minder as werk wat aan 'n bewerker van die musiek toegeskryf moet word nie. Dit mag nooit die doel van die Christelike belydenis wees nie. Dit is geen bewerking van die musiek wat God geskryf het nie. Die Christelike belydenis is niks minder as 'n lofoffer aan God (die Komponis!!) nie. So staan dit tog in Hebreërs 13:15. Die vrug van die lippe wat sy Naam bely is geen "bewerking" van God se musiek nie, maar die sing van die lofoffer. God se musiek word nie aan ons gegee los van die lewende werklikheid van elke dag nie. God se musiek wil ons die lied van die Christelike lewe laat sing. Daarom is die onderskeid tussen "nodige" en "onnodige" dan ook geen les wat die Komponis ons voorhou nie. Dit is 'n menslike uitvinding wat mense hulself veroorloof het.

Die "nodige" is dan daarvan afhanklik of 'n groepie mense dit as belangrik ag en daaroor ooreenstemming bereik. Die "onnodige" is al die res. Daarin wil mense eenheid soek en ander in vryheid laat, want dit sou die ABC van die liefde wees. Schilder pleit egter daarvoor dat ons nie al te gou dele in God se komposisie met ons potlode doodkrap wat ons as onnodig beskou nie. Dit sou alleen maar bewys dat ons nog nie genoeg deurdronge is met wat God gesê (gekomponeer) het nie.

EEN DING IS NODIG

Die één ding wat nou werklik vir ons nodig is, is juis hierdie deurdronge wees van wat God gekomponeer het. Dit is tog hoe ons die woorde van die Here Jesus aan Martha in Lukas 10:42 moet verstaan. Die een ding wat nodig is, is nou juis die luister. Die gedurige bly hoor wat God te sê het. Sodat ons kan kom tot gehoorsaamheid. Dit is wat Martha moes leer. Maria het die goeie, die noodsaaklike, gekies. Sy het bly sit aan die voete van Jesus om álles te hoor wat Hy sê. Om te luister na die komposisie van die Christus. Sodat haar lewe 'n lofoffer aan God kan wees. Nie sodat sy haar bewerkings kan gaan maak van God se musiek soos wat Martha dit gedoen het nie.

Die Een wat nodig is, is Christus! Aan sy voete moet ons wil sit. Uit Hom en sy volheid moet ons wil leef. Christus het vir ons alles geword - wysheid uit God en geregtigheid en heiligmaking en verlossing (1 Kor. 1:30). Hier sien ons wat liefde is - in die volheid van Christus. Is daar iets van Christus wat vir ons onnodig is? Kan Christus opgedeel word? Sonder Christus sal niemand die Here sien nie. Dit wat nodig is, is in Christus. En wanneer ons ons bewus word van ons sonde, sien ons hoe ons alles van Hom nodig het. Saam met Petrus wil ons dan uitroep dat Hy nie alleen my voete moet was nie, maar ook my hande en my hoof (Joh. 13:9).

Die Christelike belydenis is vir Schilder die musiek van die lewe. God het gespreek. Sy Woord vir ons gegee. Hy het musiek geskryf. En dit was nódig. Noodsaaklik "om ons geloof daarna te rig, daarop te grond en daarmee te bevestig (NGB Artikel 5). En die Woord is genoeg. Dít bevat die wil van God volkome en alles wat vir die mens nodig is om te glo vir sy saligheid, word daarin genoegsaam geleer (NGB Artikel 7). Dan bely ons dat dit verbode is om iets by God se noteskrif by te voeg of enigiets daarvan weg te laat. God het 'n volkome musiekstuk gekomponeer. In die Christelike belydenis wil ons God se komposisie en die Komponis bly eer. ¤

’n BEVRUGTE AKKER EN GEBAANDE WEG

Ds. E Viljoen

TEMA: K SCHILDER

God laat Homself nie van ons wêreld skei nie. “Ons” wêreld is die eiendom van die Here. Hy het dit self deur sy almag en wil gemaak. Hierdie God het gekies om hier op aarde by ons te kom woon. Hy kom van bo om hier op aarde saam met ons te leef. God se Woord is geen donderslag wat oor my slaan nie. Hy kom saai en plant sy Woord in my lewe. Hy ver-oorsaak met sy Woord geen kloof langs my voete wat vir my ’n bedreiging is nie. Met sy Woord kom bevrug Hy my lewe en baan Hy vir my ’n weg om saam met Hom te mag gaan.

Vir Schilder staan of val alle ware godsdiens met die verbond. Daar is geen godsdiens, geen diens aan die Here moontlik nie, of dit sal uitgeoefen word in die vorm van God se verbond met ons. Die ***werklikheid*** van die verbond moet baie goed deur ons raakgesien word. Sommige sê, en Schilder verwys hiermee met name na die Switserse teoloog Karl Barth, dat die verbond nie iets werkliks is nie. Die grote God in die hemel kan volgens Barth geen verbond met die klein mens op aarde aangaan nie. Dit sien Barth as dwaasheid. Hoe kan die magtige grote God met ’n mens wat vir elke asemteug wat hy in- en uitasem van God afhanklik is, ’n party naas God wees? Vir baie mense is en bly God se verbond daarom net baie mooi beeldspraak.

Schilder wil nooit die oneindige verskil tussen God en mens ontken nie. Maar moet ons nou op grond hiervan sê dat die verbond onmoontlik is? Natuurlik is dit nie moontlik dat daar van die mens se kant ’n inisiatief kan kom om met God ’n verbond van genade te sluit nie. Maar dit wat by die mens onmoontlik is, is by God moontlik. Ons kan nie van ons kant vir die Here sê: “Kom U nou na my. U gaan op my inisiatief saam met my en my kinders rondom ’n tafel sit om afsprake te maak” nie. Weg met enige sulke gedagtes! Uit dit wat ons bedink kom nooit ’n verbond tot stand nie.



Die ingang van die Teologiese Universiteit in Kampen, Nederland.

GOD SKEP DIE VERBOND

Wat mense nie kan doen nie, doen God. Net God kan en wil van ’n verbond praat en ’n verbondsverhouding skep. Dit doen Hy vir redes waaroor Hy nie teenoor ’n mens hoef verantwoording af te lê nie en ook nie vir redes wat Hy in die mens vind nie. Dit is uit Hom en deur Hom. Die Here doen twee dinge. Hy skep die mens. Die Here kom sê vir Abram van die verbond wat Hy met hom en sy nageslag sluit as ’n ewige verbond. Dit is nie so dat God die mens maak en dan vind die twee saam ’n moontlikheid om met mekaar in vrede te leef nie. God is die Skepper van die mens en tegelyk ook die Skepper van die verhouding tussen Hom en die mens. Omdat ons deur God gemaak is, kan Hy met ons ook ’n verbond maak.

REGSVERHOUDING

Die Here gaan ’n verhouding met ons aan. Dit is werklik ’n persoonlike verhouding. Wat kan meer persoonlik wees as dat God sy Naam aan my naam kom verbind toe ek gedoop is!? Maar hierdie persoonlike verhouding is tegelyk ’n regsverhouding. Daarmee bedoel Schilder dat God hulle met wie Hy ’n verbond gesluit het voor die regsbank kan daag wanneer daar van die mens se kant ontrou is. Net soos wat ’n man sy vrou met wie hy ’n huwelik gesluit het, voor die regter kan daag wanneer sy ontrou geword het.

Schilder illustreer dit met die woorde van die profete net voor en tydens die wegvoering van die volk van die Here in ballingskap. Die profeet Miga daag die volk voor die regsbank van die verbond. Hy daag die volk uit om die Here te kom beskuldig. Laat die volk nou maar die Here beskuldig oor die sogenaamde laste wat Hy hulle opgelê het (Vgl. Miga 6).

Dit is die Here wat sy volk uit die slawehuis van Egipte uitgelei het. Daaruit het Hy hulle losgekoop. Hy het Moses, Aäron en Mirjam voor die volk uitgestuur. Die Here het alleen maar regverdig opgetree met en teenoor sy kinders. Hy het hulle nooit vermoei deur die vrug van hulle liggame (hul kinders!) te vra as offers vir die sonde van hulle siel nie. Al wat die Here gevra het van sy kinders is om te leef volgens die verhouding waarin Hy hulle geplaas het. Hulle moes reg doen. Lewe uit die genadige

verhouding waarin Hy hulle geplaas het. Hulle moes in liefde met hierdie Here leef. In hierdie heel persoonlike verhouding met die genadige Here het dit gepas dat hulle ootmoedig met die Here leef (Miga 6:8).

Die Here lok en trek ons met 'n genadige belofte. Sy Woord is sy belofte. Sy Woord kan vertrou word. Hy verbind heel letterlik Homself aan sy Woord. Hy sal doen wat Hy sê. Tegelyk hou sy verbond 'n waarskuwing in. God dreig met straf wanneer sy genade afgewys word. Hy roep ons tot verantwoordelikheid. In die woorde van die Hebreërskrywer: "Hoe sal ons dan kan ontkom as ons só 'n groot saligheid verontagsaam?". Hier, sê Schilder, hoor ons die magtige woord van die profeet: "Jou Maker is jou Man." (Jes. 54). Die Een wat ons gemaak het soos wat ons is, is die Een wat altyd trou aan sy beloftes sal bly. Tegelyk verwag Hy trou van sy bruid. Hy wat vir Hom 'n gemeente deur sy Woord gemaak het, verwag dat sy bruid getrou aan haar Bruidegom, haar man, sal wees. Hierdie verhouding wat die Here deur sy Woord maak, is God se verbond met sy gemeente. Dit is 'n band, 'n verbintenis, wat die Here geskep het en daarom is dit nie bloot mooi beeldende taal om oor die Here te praat nie. Die verbondsverhouding is as skepping van die Here 'n aangrypende werklikheid.

VERLOWING WORD HUWELIK

Kenmerkend van die verbond, is vir Schilder dat daarin meer as een party optree. Hy vergelyk die verbond met 'n verlowing van 'n man met 'n jong vrou. Die verbond is nie soos maagderoof nie. By 'n verlowing word daar teenoor mekaar gesê: "Ja, ek wil". Deur sy verbond roep die Here ons om "ja" te sê. Ons word verantwoordelik gehou. 'n Verlowing ontplooi hom tot 'n huwelik waarin die man 'n vader en die vrou 'n moeder word.

In die verbond is daar nou ook só 'n ontplooiing. God word nie iets wat Hy nie was nie. Maar Hy ontplooi Hom in wat Hy van Homself bekend maak. Hy kom maak Homself bekend voor mense-oë. Hy openbaar Homself in sy verbond as die Skepper wat Herskepper word. Die Skepper wat Verlosser word. Die Skepper wat ons uit ons sondes kom uithaal en ons voet plaas op die pad wat Hy met ons wil gaan.

Ook die een met wie die Here sy verbond kom sluit het, kan tot ontplooiing kom. Die mens kan of "ja" of "nee" sê vir sy Maker wat sy man wil wees. Nie op 'n humanistiese manier waar die mens uit eie krag en wil "ja" kan sê nie. Maar uit die krag van wat die Here kom gee het in sy verlowing met 'n sondige meisie. Schilder wil alleen maar beklemtoon dat die Here die verbond "tweesydig" maak. Die verbond kan nie uit die krag van 'n mens "tweesydig" word nie. Die Here kom sluit geen verlowing wat die mens dan uit eie krag 'n huwelik laat word waarin saam met mekaar in gemeenskap geleef word nie. Die Here wat die verbond gemaak het, maak dit ook tot 'n huwelik. Hy gee ook alles wat die verlowing tot 'n huwelik maak. Hy gee alles wat die verloofde ook ten volle tot huweliksmaat laat ontwikkel. In die woorde van Schilder: "Hy maak my tot die ander party".

Deur die krag en wil van die Here is die tipiese verhouding wat deur die verbond gemaak word dié van tweerigtingverkeer. Daar is 'n weg van die Here na my. En Hy maak óók weer 'n weg van my na Hom. **Hierdie liefde met die hele hart, siel en al ons kragte vir ons Bruidegom, hierdie trou bly aan Hom wat Homself vir ons as man gegee het en die nederige ootmoedige lewe met Hom… dit is die verbond van genade volgens Schilder.** ¤

BRIEWE AAN DIE REDAKTEUR

REAKSIE OP SINODE-BESLUITE

Geagte redakteur:

Dit is met bekommernis dat ek genoodsaak voel om aan die redakteur te skryf en 'n paar dringende vrae te stel wat swaar op my hart druk nadat ek die Kompas van Junie 2002 (Jaargang 11/no. 6) gelees het. Die redakteur se voorblad opskrif praat van 'Die Dag Van Klein Dinge'. Van die sake wat genoem word is egter vir my 'Groot Dinge'.

Wat word bedoel in die artikel 'Die instelling van Klassisse' met " .... *kan die kerklike samelewing van die blanke en die swart gemeentes op hierdie manier geïntensiviseer word*"? Die stelling word `n bietjie verder gemaak dat: "*Tydens konferensies (mannedae) wat voor die sinode en in Mamelodi en Johannesburg gehou is, het dit egter duidelik geword dat daar aan altwee kante `n begeerte is dat daar geen kerkverbandelike geskeidenheid* ***volgens taal of kultuur*** *moet wees nie, maar dat die kerke mekaar moet vind in gesamentlike kerklike vergaderings*." (my eie opheldering – NDP) Is dit die waarheid? Is alle gemeentes en hulle gemeentelede volledig ingelig en bewus

hiervan? Wat word hiermee bedoel? Waarom weet nie een van my kerkraadslede van hierdie konferensies nie?

In die artikel 'Teologiese opleiding' word gestel dat *"…. die visie is dat daar uiteindelik een opleiding sal wees en dat daar vir alle predikante een akademiese vlak sal wees. Die deputate-kuratore het die opdrag gekry om die moontlikhede vir eenwording van die verskillende opleidings te ondersoek. Hulle sal oorleg pleeg met verskillende rolspelers."* Die vraag wat by my ontstaan is of hierdie nie gaan lei tot `n verlaging van standaarde nie? Dit is weens die gegewe situasie so, dat daar huidiglik, `n gebrek is aan opleiding in die grondtale by sommige van die opleidings instansies. Om een voorbeeld te noem: In die huidige gesprek rondom die Nuwe Liedere Boek, grond ds. D`Assonville sy afkeur in die 'nuwe psalms' juis deur die grondteks aan te haal, en te wys, waar die dwaling inkom. Hoe gaan ek as leek, myself beskerm teen dwaling, as ek nie sorg dat my leraars grondige kennis het van die grondtale nie?

In die artikel oor 'Die Eksamens' word daar **triomfantelik** gestel dat die sinode ook *"…..histories was in die opsig dat daar vir die eerste maal tydens die sinode-sitting verskillende tale gebruik is*." Wat gaan die taal wees wat gebesig gaan word in die klassisse en die sinode-sittings wanneer die voorgestelde 'eenwording' met die sendinggemeentes `n werklikheid is? Ek sê - voorgestelde – want volgens my kennis is dit nog glad nie goedgekeur iewers nie. Die gebruik van my Moedertaal – Afrikaans - lyk vir my is in die gedrang, want daar word gesê dat daar `n "…..*begeerte is dat daar geen kerkverbandelike geskeidenheid volgens* ***taal of kultuur*** *moet wees nie*, ….. " Dit was oënskynlik `n oorwinning dat Afrikaans nie deurgaans gebruik is in die gesprekke op die sinode nie.

In die artikel 'Die Here Doen Groot Dinge'- H. Stolper se onderhoud met ds. FJ Bijzet- word die dominee aangehaal om te gesê het: *"Nadat gemeentes as selfstandige kerke geïnstitueer het, word hulle in SA dadelik deel van die bestaande kerkverband*…" Is dit die waarheid?

Ek sal in besonder ook kommentaar van ander lesers van die KOMPAS waardeer.

Broederlike groete,
Neels du Preez, Bethal

Antwoord:
Omdat ek die verslae oor die Sinode geskryf het, sal ek probeer om 'n antwoord aan br Du Preez te rig. Ek kan natuurlik nie namens die Sinode praat nie. Niemand kan nie. Maar ek glo dat ons wel mekaar kan help om die Sinode se besluite te verstaan en daarmee verder te werk.

Miskien kan dit help om 'n paar dinge in perspektief te stel. Ek kry die indruk dat br Du Preez se bekommernisse vir 'n deel aan misverstande toegeskryf kan word. Daar is drie sake wat ter sprake is: eenheid tussen wit en swart kerke, Afrikaans in gedrang, en standaarde van teologiese opleiding. Ons kyk agtereenvolgens na die drie punte.

Met betrekking tot die kerkverband is dit 'n misverstand dat daar nog besluit sou moet word oor 'eenwording' met die sendingkerke. Die visie wat op die Sinode duidelik na vore gekom het, is dat daar prinsipieel eenheid met die sendingkerke IS. Daarmee hanteer die Sinode die Skriftuurlike beginsel dat daar in Christus nie Griek en Jood, slaaf en vryman is nie (Kol. 3:11). Daar is een liggaam, een Gees, een Here, een geloof, een doop, een God en Vader van almal (Ef. 4:4-6).

Dit is die prinsipiële uitgangspunt. Maar dit sê nog nie hoe die kerkverband prakties sal funksioneer nie. Die vraag wat die Sinode moes beantwoord, was op watter manier die eenheid in die kerkverband tot uitdrukking moet kom. Dit sou byvoorbeeld moontlik gewees het, dat daar aparte klassisse vir die swart kerke en die blanke gemeentes gevorm word. Dit sou dan 'n verdeling volgens taalgrense wees. 'n Ander moontlikheid sou 'n geografiese indeling wees, bv. 'n klassis Noord en 'n klassis Suid. Die Sinode het egter 'n derde opsie gekies waarvolgens ouer en jonger gemeentes op so 'n manier oor twee klassisse verdeel word dat daar in elke klassis genoeg kerklike ervaring is. Ek glo dat dit 'n wyse besluit is wat die welsyn van die Vrye Gereformeerde Kerke sal bevorder.

Die gevolg is inderdaad dat daar oor die taalprobleem besin sal moet word. As die afgevaardigdes van Mamelodi en Soshanguve begin deel uitmaak van die klassis-vergaderings, sal dit beteken dat Afrikaans- en Sotho-sprekendes saam moet vergader. Dit is in hierdie verband belangrik om vas te stel dat die Sinode geen besluit geneem het oor die vraag watter taal of tale op klassisvergaderings gebruik moet word nie. Die klassisvergadering kan self besluit hoe die taalprobleem gehanteer sal word. Dalk word Afrikaans en Sotho gebruik, met vertolking oor en weer. Dalk word Engels as oorbruggingstaal gebruik. Dit is 'n praktiese probleem waarin die broeders met wysheid 'n oplossing sal moet vind.

Dit is jammer dat br Du Preez die indruk gekry het dat daar 'n negatiewe gees ten opsigte van Afrikaans was. Die teendeel is waar. Aanvanklik is tydens die eksamens Engels as voertaal gebruik. Maar dit het gou duidelik geword dat party afgevaardigdes sukkel met Engels. Toe is besluit om liewer Afrikaans en Sotho te gebruik, met vertolking oor en weer. Oor hierdie bereidheid om ter wille van mekaar aanpassings te maak, was ek dankbaar (nie triomfantelik nie).

Die belangrikste in hierdie verband is die gees waarin ons met mekaar vergader. As ons voel dat ons mekaar se broers is, dan sal daar oplossings gevind word, ook al praat ons verskillende tale. Die Here Jesus was self bereid om, afhangende van wie sy hoorders is, verskillende tale te praat: Aramees en Grieks. En

die apostel Paulus het aangedui dat hy bereid is om enige taal te praat ("die Jode 'n Jood, die Grieke 'n Griek") solank hy iemand vir Christus kan wen.

Ek glo nie dat die Sinode van enigiemand vra om die liefde vir sy moedertaal prys te gee nie. Die liefde vir my moedertaal is egter ondergeskik aan die liefde vir Christus se kerk. Daarom vertrou ek dat Sotho-sprekende broeders, wat hulle moedertaal liefhet, en Afrikaans-sprekende broeders, wat hulle moedertaal liefhet, baie goed met mekaar oor die weg sal kom, solank die eenheid in Christus hulle saambind.

Die derde saak wat br Du Preez aanroer, is die besluite oor teologiese opleiding. In kort kan 'n mens die Sinode se besluite so opsom dat daar eenheid in teologiese opleiding moet kom, maar dat daar tegelyk ruimte gegee word vir 'n jarelange groeiproses. Die sorge oor standaarde is tereg, en ons is gelukkig dat br Du Preez self een van die deputate-kuratore van die teologiese opleiding is! Laat hy saam met die ander kuratore daarop toesien dat die ideaal van eenheid nagestreef word sonder om enigsins standaarde te verlaag.

Br Du Preez glo waarskynlik dat dit nie moontlik is om die blanke en die swart opleiding te integreer sonder dat die blankes se standaarde verlaag nie. Dit is vir *vandag* se situasie waar, en daarom word dit *vandag* ook nie gedoen nie. Maar ek kan vanuit my ervaring as sendeling getuig dat die opleiding van ons swart studente alreeds baie ver gevorder het. Een van ons studente hoop om later die jaar Grieks I te slaag. So hoop ons dat die vlak van opleiding geleidelik sal verhoog. As 'n mens met swart Christene werk, soos wat my voorreg is, en as 'n mens hulle eie begeerte sien om standaarde te verhoog, is dit moeilik om pessimisties te wees oor die toekoms.

Arjan de Visser

FOLMER BOEKHANDEL

19e Laan 283, Villieria
Pretoria, 0186, Suid-Afrika

Tel 012 329 0031
Faks 012 329 5927

Boeke van en oor Prof dr K Schilder in voorraad:

Christus in Zijn lijden, drie dele, R195

DEE, J J C
K Schilder, zijn leven en werk, deel 1 (1890-1934)
K Schilder – Oecumenicus (K Schilder over 'het kerkelijke vraagstuk')
Per deel R128,50

PICTURALIA – Fotobiografie K Schilder. 144 bl. R90

PUCHINGER, G (red): Ontmoetingen met Schilder. Met medewerking van: W Albeda, D van Baalen, GA de Bruijne, ATh van Deursen, WK van Dijk, G Harinck, J van der Hoeven, O Jager, M Oudkerk en J Veenhof 211 bl. R150

K SCHILDER: Om Woord en Kerk, vier dele.
Die meeste van die artikels in hierdie vier dele is oorgeneem uit die 'kleine' gereformeerde pers (plaaslike kerkblad-artikels). Vir die eerste keer in boekvorm in 1947 gepubliseer, maar nog steeds lesenswaardig! Prys per stel R120

VAN REEST, R: Opdat zij allen een zijn – Prof dr K Schilder in zijn strijd om Woord en Kerk.
'Wat de schrijver beoogt met deze uitgave is slechts enig inzicht bij te brengen aan een jonge generatie in het levenswerk van prof dr K Schilder, diens strijd voor de eenheid en zuiverheid der kerk en diens trouw in de vervulling van zijn ambtsroeping in deze'. Twee dele vir R69

HARINCK, G: K Schilder – een keuze uit zijn werk o.a. Overdrijving in het gebed, in memoriam prof Lindeboom, de noodzakelijkheid ener christelijke logica,
Stellingen inzake de kerk,
Gebed in oorlogstijd en zijn laatste artikel in De Reformatie van 5 April 1952. R48,45



SCHILDER, K: Christus en cultuur. In sy voorwoord wat a.b. ss. 'Veendam' op 24 Augustus 1947 geskryf is, sê prof Schilder dat hierdie uitgawe die tweede hersiene druk is van 'n artikel wat in die eerste uitgawe van die bundel "Jesus Christus en het menschen-leven' gepubliseer is. R48,50

SCHILDER, K: Aforismen
Bekende en onbekende kernagtige gesegdes van prof Schilder. R46

K SCHILDER – VERZAMELDE WERKEN 1940-1941 (deel 1) EN 1942-1944 (deel 2) EN 1944-1945 (deel3). R450 per deel

Een Schrift-geleerde aan het Woord. Een keuze uit de preken van prof dr K Schilder, ingeleid en toegelicht door dr JJC Dee
Twee dele, R75 per deel

Interviews over 25 jaar Vrijmaking (dr N Scheps) bevat onderhoude met H Amelink, D Deddens, H Dooyeweerd, J Douma, D van Wijk, J Faber, JR van de Fliers, G Janssen, P Jasperse, P Jongeling, J Kamphuis, J Meulink, CW Monnich, J O Mulder, ADR Polman, SJ Popma, G Puchinger, BJF Schoep, H Slings, KC van Spronsen, JH Velema, WG de Vries, EJHM de Vries-Schilder. R18,50

ONDERHOUD MET STUDENTE UIT BELHAR

Wilma Pouwels

ONDERHOUD

Carl van Wijk en Peter Abrahams is by u nie meer onbekend nie. Die vorige uitgawe van Kompas het onder die opskrif 'Belhar: Oriënteringskursus in Gereformeerde Teologie' reeds iets meer oor die twee vertel. In Junie het Carl en Peter 'n eerste vliegreis en eerste besoek aan Gauteng getrotseer om by ds. Visser en ds. Nel te kom klas loop. Dit was deel van 'n oorbruggingskursus vir verdere studie in die teologie. Na hulle mening was dit 'n wonderlike en leersame ervaring. Die onderhoud met Carl en Peter was kort en die "lekke Kaapse" praatstyl en uitdrukkings was 'n belewenis.

WANNEER HET JULLE BY DIE SENDINGGEMEENTE IN BELHAR AANGESLUIT?

Carl het as jongman vanuit die NGK by die kerk aangesluit nadat hy sy vrou Welma ontmoet het. Peter het saam met sy ouers as jong kind lid geword. Ons het altwee katkisasieklasse by verskillende sending-ouderlinge van die gemeente Bellville ontvang. Vandag is ons self, as deel van ons opdrag as medewerkers, betrokke by die kategese van die jong mense in Belhar. Dis vir ons 'n groot voorreg om so in diens van die Here te staan.

Ons is nog nie een van beide ouderling nie, maar hoop om in die nabye toekoms die amp te mag ontvang. Ons doen reeds huisbesoeke, lei Bybelkring en bidure. Evangelisasie in die omgewing is ook deel van ons opdrag. Ook vorige lidmate van die gemeente word besoek en weer bearbei.

Carl is ook 'n kranige preekleser in die gemeente en beskou die amp van ouderling as 'n roeping van God in sy lewe.

HOE ERVAAR JULLE DIE BENDEGEWELD OP DIE KAAPSE VLAKTE WAARVAN ONS SO BAIE IN DIE KOERANTE LEES?

Hoewel die bendegeweld in die laaste paar jare baie afgeneem het, is dit beslis 'n bedreiging vir die jong mense in die gemeente. Dit raak elkeen in die samelewing diep. Vir die jong kinders lyk dit baie aanloklik. Die bendeleiers woon in pragtige huise, besit mooi motors en is in alle opsigte welgesteld. Asof dit nie genoeg is om die jong kinders te trek nie, word hulle omgekoop met dwelms en geld om so die bendes te help met hulle bedrywighede.

Die heerskappy wat die bendes voer, is 'n verhindering van die evangelie. Die sendelinge en medewerkers soos ons het dus 'n besliste taak om die Evangelie op 'n eenvoudige wyse aan die kinders te verduidelik. Peter verwys na Psalm 73 waar die psalmdigter dit baie duidelik stel: Die Here laat die weg van die goddelose gladweg verloop. Hy tel die goddelose op in die hoogte om hom in die diepte te laat neerstort. Daar is vir hulle na hierdie lewe geen vooruitsig nie. Maar God se kinders, wat die pad loop wat God vir hulle voorhou, vir hulle is die pad 'n goeie pad. Ons wys hulle op Christus Jesus waar hulle die ewige rykdom sal vind. Die rykdom van die ewige lewe wat hy vir ons met sy bloed losgekoop het.

Carl voeg nog hierby dat die bedreiging wat die bendes vir die kinders inhou in die katkisasieklasse 'n vertrekpunt is om die waarde van kennis van die Skrif en troue kerkgang in te skerp.

Carl van Wijk (links) en Peter Abrahams, lidmate vanie sendinggemeente Belhar, besoek Pretoria vir studies

DAAR IS ONLANGS IN WESBANK OOK BEGIN MET 'n PREEKPUNT. IS JULLE DAAR OOK BETROKKE?
Nie deurlopend nie. Op versoek van ds. Nicholson word ons soms ingeskakel. Ons het al Bybelkring gehou en Carl lees preek daar soos wat hy al gereeld in die gemeente Belhar gedoen het.

VANUIT 'n MENSLIKE OOGPUNT GESIEN, HOEKOM SÊ JULLE WESBANK SAL VINNIGER GROEI AS WAT DIT IN BELHAR DIE GEVAL WAS?
Carl verduidelik dat die gemeente van Belhar sterk op die ouderlinge van die Bellville-gemeente gesteun het vir leiding. Die lidmate van die sendinggemeente Belhar kon maar net 'n versoek rig in die rigting van Bellville en die hulp was daar. Van die Bellville-gemeente se kant af goed bedoel, maar vir die lidmate van Belhar het dit 'n gemakstoel geword. Die gemeente Belhar het 'n tekort aan samewerking onder mekaar. 'n Tekort aan eensgesindheid onder mekaar. Soort van agteroor sit en hande in die sakke steek. Vir ons is dit ook 'n moeilike situasie. Ons moet waak om nie alles in die gemeente oor te neem nie. Ons moet begelei, nie lei nie. Die mense het in 'n groef verval waaruit hulle moeilik kan kom.

Wesbank daarenteen is 'n nuwe preekpunt. Die mense wat die dienste bywoon en lidmate word, moet saam met ds. Nicholson werk om die gemeente te laat wortel skiet. So gee die Here deur die prediking van sy Woord en die werking van die Heilige Gees 'n gemeente. Elke gemeente groei eiesoortig en neem vorm aan na gelang van hulle omstandighede. Belhar en Wesbank is duidelike voorbeelde.

Belhar kan in 'n mate met Mamelodi vergelyk word en Wesbank lyk meer op die aanvang van die werk in Soshanguve.

JULLE HET OOK 'n EREDIENS IN MAMELODI BESOEK. HOE HET JULLE DIT ERVAAR?
Baie positief. Ons het die preek voor die tyd in Afrikaans gekry, anders sou alles by ons verby gegaan het. Die taal is definitief 'n faktor. Wat ons opgeval het was die betrokkenheid van die hele gemeente. Elkeen met sy gawes. Daar was baie verskillende gawes sigbaar die oggend. Veral die sang het ons as 'n ervaring beleef. Lank na die diens is daar nog gesing. Ons sou graag sien dat die sendinggemeentes in Belhar en Wesbank selfstandig word, soos in Mamelodi, waar ons besoek afgelê het.

HOE DINK JULLE OOR DIE GRONDTALE AS VOORBEREIDING OP TEOLOGIESE STUDIE? 'n NOODSAAKLIKHEID OF 'n EKSTRA WAT GOED TE PAS KOM?
Ja en nee vir noodsaaklikheid. Ons hoef nie bekwaam te wees in die grondtale om die Bybel te kan lees en te verstaan nie. Ons kan daarsonder ook aan mense die evangelie bring en die Woord van God as 'n Lig in die Wêreld laat skyn. Aan die ander kant vra 'n groeiende gemeente meer pitkos en daarom van die bedienaar meer kennis wat dieper studie verg. Daarvoor is nodig dat hy die tale ken om die grondteks na te gaan en sy gemeente goed in die Woord van God te onderlê.

Hoeveel kennis nodig is, is 'n ope vraag. Drie jaar talestudie op universiteit? Vir ons is dit moeilik om 'n antwoord te gee. Tog glo ons tale het 'n plek.

WAT WAS VIR JULLE OPMERKLIK TYDENS DIE OPLEIDINGSPERIODE IN PRETORIA?
Die hoeveelheid boeke wat die predikante en sendelinge besit. Tot op hede het ons nie veel boeke gelees nie, die Bybel was ons studieboek. Van nou af sal die leesstof beslis aangroei. Ons het tydens die verblyf hier in Pretoria saam met ds. Visser gaan studieboeke koop. Goeie Afrikaanse literatuur is egter nie so vrylik beskikbaar soos Nederlands en Engels nie, maar die begin is gemaak en ons boekversameling is reeds aan die groei.

HOE ERVAAR JULLE DIE GROOT VERANDERING IN JUL LEWENS?
Dit was nie maklik om te verander van 'n vaste werk na "student" wees in die teologie nie. Die Here het ons paaie so gelei dat ons 'n doelbewuste keuse kon maak om in die gemeente te werk, as medewerkers in hierdie jaar, met die vooruitsig om werklik bedienaars van die Woord te word. Ons werk hard om dit deur te voer en hoop dat die besluite wat aan die einde van die jaar geneem sal word oor ons toekoms, ook met oortuiging en in geloofsvertroue sal geskied. ¤

VOLHOUBARE ONTWIKKELING EN ONS KULTUUROPDRAG

Gerard Hagg

SAMELEWING

God het die mens in die paradys die opdrag en die vermoë gegee om die aarde te bewerk en te bewaar. Hierdie kultuuropdrag het 'n verskeidenheid terreine gedek, van sosiale verhoudings en die ekonomie tot omgewingsbewaring en landbou. Soos die mensheid sou uitbrei sou hierdie take al hoe meer tyd en aandag in beslag neem maar ook die skepping tot sy volle ontplooiing bring. Dit alles tot eer van die Skepper.

Die sondeval het 'n einde gemaak aan die mens se vermoë om hierdie opdrag volledig en volmaak uit te voer. Die wêreld het 'n gebroke wêreld geword, waarin die mens net homself soek en die natuur terwille van die mens onder die vloek lê en weerstand teen die mens se heerskappy bied. Daarby heers daar 'n ononderbroke stryd tussen lig en duisternis, die saad van die mens Adam en van die slang, waarin dit lyk asof die slang voortdurend wen.

Hoewel die Here in sy genade die skepping in stand hou, bly die gevolge van die sonde sigbaar in alles wat ons doen. Die mense se werke breek voortdurend af en die ontwikkeling van die skepping lyk nooit meer volhoubaar te wees nie. Elke positiewe ontwikkelingsbydrae bevat elemente waardeur dit weer afgebreek word. Byvoorbeeld, die uitvinding van die boekdruktegniek het die verspreiding van beide die Bybel en van goddelose literatuur moontlik gemaak. En die petrolenjin stel ons in staat om die ekonomie op te bou, maar die uitlaatgasse doen skade aan die natuur en mens.

IN CHRISTUS WEER SINVOLLE ONTWIKKELING

Al het God in Christus sy kinders van die heerskappy van die duisternis verlos, is die Kerk nie van hierdie afbraakproses vrygestel nie. Die Prediker — 'n kind van God — sug oor die tevergeefsheid van al die menslike werk. Ons het immers ook in Adam gesondig en voeg nog elke dag sondes daarby! Tog het daar uiteindelik vir God se kinders 'n verandering gekom. In Christus het ons weer die moontlikheid om sinvol by te dra tot die ontwikkeling van die aarde op pad na 'n nuwe hemel en aarde, waarin God alles sal volmaak en waaraan geen einde sal kom nie. Volhoubare ontwikkeling lê dus nie buite ons bereik nie, indien daardie werk binne die koninkryk van God plaasvind. Tevergeefs werk die mens as God dit nie seën nie, maar aan sy bemindes gee Hy dit in die slaap (Ps. 127). As ons as troue rentmeesters op die talente wat God ons toevertrou het, kapitaliseer, maak God die werk volhoubaar, d.w.s. Hy laat die vrugte deurwerk in die geskiedenis van sy Kerk om deel te word van die nuwe skepping by die wederkoms van Christus. Voorbeelde hiervan is die ontwikkelings wat in Europa op die Reformasie van die 15de en 16de eeu gevolg het: 'n bloeiende Nederlandse ekonomie en belangrike bydraes tot die geestelike ontwikkeling van die bevolking en die kolonies.

DIE WÊRELD LEI DIE INISIATIEF

Dit is nie net gelowiges wat volhoubare ontwikkeling najaag nie. Inteendeel, dit is dikwels die wêreld wat ons hierin voorgaan. Lank voordat kerkleiers sistematies oor die afbraak van die skepping besin en begin oplossings soek het, het wêreldleiers die afbraak raakgesien en planne vir volhoubare ontwikkeling begin maak. Natuurlik is dit waar dat die Kerk klein is, en dat baie aandag aan ander sake, soos die opbou van die geloof deur die verkondiging van die evangelie, gegee moet word. En daar was inderdaad Gereformeerde wetenskaplikes wat 'n bydrae tot ontwikkelingsteorie en –metodologie gemaak het, bv. ir. van Riessen in Nederland. Prof K Schilder het ook baie insiggewend oor die kultuuropdrag geskrywe. Maar die grootskaalse afbraak, waartoe ook ons bydra, het 'n groter inspanning vereis, 'n saak wat vir jare al die belangstelling van wêreldleiers trek.

Sedert die 1970s het die bedreigde toestand van die omgewing op die agendas van die meeste regerings in ontwikkelde lande[1] gekom. Daar is 'n dringende besef dat die welsyn van die mens en die natuur op allerlei manier ernstig bedreig word. Studies oor die ontwikkeling van die mensheid het gewys dat veral sedert die Westerse Renaissance in die 14de eeu die tegnologiese ontwikkelings sowel seën as vloek gebring het. Westerse ontwikkelde lande het geweldig gepresteer op die gebied van produksie, ekonomie en bestuur. Die materiële lewenspeil in hierdie lande het gestyg. Maar tegelyk besoedel afvalstowwe ons atmosfeer en grond, suurreën vernietig bosse, grondwater word

[1] Ontwikkelde lande, of die Eerste Wêreld, is daardie lande wat tegnologies reeds ver gevorder het, bv. die VSA, Europa, Japan, Australië en Kanada. Ontwikkelende lande, of die Derde Wêreld, is dié wat nog in die proses van tegnologiese ontwikkeling is, soos Afrika, lande in Asië en die meeste Suid-Amerikaanse lande.

aangetas en dierespesies sterf uit. Al hierdie dinge het 'n negatiewe gevolg vir ons daaglikse bestaan. Siektes neem toe en die kwaliteit van die lewe neem af.

Westerse lande, wat die meeste by die ontwikkelings gebaat het, het ook die meeste skade gedoen. Byvoorbeeld, die VSA en Europa se aandeel tot koolstofproduksie – wat die temperatuur in die atmosfeer laat toeneem – is meer as twintig maal so groot as die aandeel van Afrikalande. Daarby het die koloniale stelsel die Westerse lande laat groei ten koste van die kolonies. Ontwikkelde lande domineer die internasionale markte en pryse vir produkte. Een gevolg hiervan is dat vandag die ontwikkelende lande, soos in Afrika en Suid-Amerika, 'n agterstand het in ontwikkelings-vermoë en onvoldoende middele om in hul eie land die negatiewe gevolge van ontwikkeling teen te gaan. Hieroor is in 'n vorige uitgawe van Kompas geskrywe en daar sal in die Oktober uitgawe meer verskyn.

DIE WêRELDBERAAD OOR VOLHOUBARE ONTWIKKELING

Van 26 Augustus tot 4 September vanjaar vergader meer as 60 000 verteenwoordigers van oor die 170 lande in Johannesburg om die probleme en uitdagings van volhoubare ontwikkeling te bespreek, en om maniere te vind om daadwerklik oplossings in werking te stel. Van hierdie Wêreldberaad oor Volhoubare Ontwikkeling kan u daagliks in die media kennis neem. Die beraad is 'n voortsetting van 'n onderhandelingsproses wat in 1972 by die Konferensie oor Omgewing en Ontwikkeling in Stockholm begin is en waarin, onder leiding van die Verenigde Nasies, al hoe meer regerings- en nie-regeringsorganisasies deelneem. Volhoubare ontwikkeling is gedefinieer as ontwikkeling wat vandag 'n beter lewenskwaliteit aan alle mense kan verskaf, sonder dat die omgewing so aangetas word dat toekomstige geslagte nie net so 'n lewenskwaliteit kan geniet nie. In 1992 het hierdie deelnemers 'n agenda vir aksie om die omgewings-, ekonomiese en sosiale probleme daadwerklik aan te pak aanvaar, die sogenaamde Agenda 21. Dit bevat meer as 2 500 aanbevelings vir aksies wat ontwikkeling volhoubaar kan maak. Omdat na 10 jaar nog min vordering getoon is, is die doel van die Johannesburgberaad om tot eerlike afsprake vir aksie te kom.

Hierdie aktivering van die mensheid is 'n moeilike en omstrede saak. Aan die een kant beklemtoon alle deelnemers die noodsaak om vennootskappe te stig en saam te werk om "die aarde te red". Aan die ander kant beskuldig die arm lande die rykes daarvan dat hulle nie werklik die armes in hul welvaart wil laat deel nie. Na vyftig jaar is besoedeling 'n bietjie minder en die osoonlaag besig om te herstel, maar die arm lande is armer en die lewenskwaliteit laer. Intussen het baie nie-regeringsorganisasies begin deelneem aan die debatte en sterk teen ontwikkelde lande se houding begin protesteer, soms op 'n gewelddadige manier. Die stryd om volhoubare ontwikkeling te kry het 'n stryd tussen arm en ryk geword. Of die Johannesburgberaad hierin verandering gaan bring is twyfelagtig, omdat gedurende die voorbereidingsvergaderings geen duidelike planne vir korrektiewe aksies van die ontwikkelde lande gekom het nie, en ook die ontwikkelende lande onduidelik is oor wat hulle in hul eie lande gaan doen.

DIE KERK SE KULTUUROPDRAG BLY RELEVANT

Hierdie probleme en pogings om die afbraakprosesse te verminder, bly ook deel van die Kerk se agenda. Die kultuurmandaat is immers nie deur God opgehef nie. Ons verantwoordelikheid vir die natuur en ons naaste is vandag net so groot as in die paradys. Juis die Kerk het in God se Woord soveel antwoorde op ontwikkelingsvrae gekry en duidelikheid oor waar die oplossings lê. Dit beteken natuurlik nie dat ons al die probleme kan oplos nie. Die Kerk is klein en die wêreld laat ons selde toe om 'n bydrae te maak. Tog bly ons verantwoordelik om 'n bydrae te maak.

Allereers deur die evangelie te verkondig, die boodskap van verlossing, ook van hierdie aarde. Verlossing van afbraak van die natuur, maar veral van die afbraak van ons band met God. Juis die herstel van hierdie band, in die onderwerping van die mens se wil en werke aan God se wil, sal herstel van die natuur, ekonomie en sosiale lewe bring. Want hierdie evangelie lê die werklike redes vir die afbraak van die wêreld bloot: die opstand teen God en die lewe in die duisternis. 'n Kerk wat tot bekering oproep en die verlossing in Christus verkondig, lewer 'n belangrike bydrae tot volhoubare ontwikkeling. Hierdie bydrae is nie afhanklik van hoëvlak deskundigheid, soos in die geval van soveel ontwikkelingsprobleme nie. Van die jongste kind tot die oudste grysaard mag en kan hierin deelneem (Ps. 8:3, Ps. 92:15).

Verder moet ons barmhartigheid en geregtigheid najaag, en die leed van die wêreld raaksien. Ons mag elke dag bid dat God 'n einde aan armoede en die gevolge daarvan maak. Maar ons moet veral bid dat God die geestelike armoede, sowel in die ontwikkelde as die ontwikkelende lande ophef deur die rykdom van sy evangelie en 'n lewe in sy koninkryk.

Ons mag ook die wêreldprobleme in die lig van sy Woord verklaar, vir sover as ons werklik hiervan 'n studie gemaak het. Oppervlakkige leuses maak geen werklike verskil nie. Maar vanuit God se Woord kan ons dieperliggende oorsake van die probleme sien, byvoorbeeld dat die humanisme en rasionalisme in die Westerse samelewing sedert die 16de eeu een van die hoofoorsake van die materialisme en wêreldafbraak is. Dat juis reformasie weer 'n regte perspektief op die mens se nood en opdrag gee. Dat die mens as rentmeester sy ontwikkelingstaak moet uitvoer en nie as 'n tiran nie. Gelukkig is daar al hoe meer gelowige wetenskap-

likes wat hieroor publiseer. Maar daar lê nog baie werk vir ons voor.

Laastens moet ons 'n voorbeeld van rentmeesterskap wees in ons daaglikse gedrag. Ons moet sorgvuldig omgaan met dit wat die Here ons gegee het, ons besittings, ons omgewing en ons naaste. Ook in die gewone daaglikse bestaan kan ons bydra tot volhoubare ontwikkeling. Ouers mag hul kinders opvoed om hul verantwoordelikheid oor die skepping na te kom in gewone dinge, soos jou omgewing skoon hou, afvalprodukte te hersikleer of nie onnodige of sinlose dinge aan te koop nie. Maar veral om die band met die Here te onderhou en ander na Hom toe te trek. Om die vreugde van sy kindskap uit te straal in woord en daad. En om in ons gebede hierdie aarde en sy mensheid daagliks aan God op te dra. ¤

PROEFBUISBABA'S

Dr Hanno Boon

SAMELEWING

Die sewende gebod ("Jy mag nie egbreek nie") hou oënskynlik nie verband met mediese praktyk nie. Dit het egter alles te make met die huidige ontwikkeling ten opsigte van die behandeling van onvrugbaarheidsprobleme. Die huwelik wat die Here tussen man en vrou gestel het en die geheimenis daarvan soos die Skrif daarvan spreek, het wel deeglik implikasies vir moderne onvrugbaarheidsbehandeling.

Die ontwikkeling het so 25 jaar gelede begin met die koms van die eerste proefbuisbaba in 1978. Wêreldwyd het hierdie tegniek groot belofte ingehou vir baie onvrugbaarheidsprobleme met meer as 20 000 baba's wat al met hierdie tegniek gebore is. Trouens bykans in elke land is hierdie tegniek gevestig en bestaan klinieke waar die tegniek van 'in vitro fertilisasie' beskikbaar is. Ook in ons land is daar verskeie sentra waar hierdie modaliteit van onvrugbaarheidsbehandeling beskikbaar is.

Die ontwikkeling van die in vitro fertilisasie tegniek is vinnig opgevolg met die koms van donor spermbanke, tegnieke van seleksie van bevrugte embrio's, embriobanke en die toekoms hou moontlik die tegniek van kloning in. Groot ontwikkeling binne die bestek van 'n kwart eeu.

Aanvanklik is begin met die in vitro fertilisasie tegniek onder ouerpare waar daar 'n stabiele verhouding (so word dikwels, jammer genoeg, van die huwelik gepraat) bestaan. Dit het egter in Wes-Europa vinnig plek gemaak vir allerhande soorte verhoudings. Nie alleen is die tegniek aan 'pare' beskikbaar gestel wat glad nie wettig getroud is nie, maar selfs kan daar van donor genetiese materiaal soos donorsperms of beide donorsperms en -eierselle gebruik gemaak word. Die moontlikheid bestaan selfs om die bevrugte embrio's in 'n surrogaat moeder in te plant.

Die huwelik soos die Here dit ingestel het, word hoegenaamd nie meer as enige vertrekpunt geneem waarbinne sekere tegnieke gebruik kan word nie. Nee, die vertrekpunt is heeltemal buite God se orde.

GEOORLOOFDE METODE?

Maar kan daar binne die huwelik soos die Here dit ingestel het, wel van fertiliteitsbehandeling gebruik gemaak word? Die Here het immers die huwelik ingestel ook met die doel om vir Hom kinders te verwek binne sy verbond? Mag ons dan van moderne fertiliteitsbehandeling gebruik maak om onvrugbaarheidsprobleme aan te spreek?

As dit inderdaad duidelik is dat onvrugbaarheid weens een of ander rede teenwoordig is, dan mag ons as kinders van die Here gebruik maak van tegnieke, mits daarmee nie God se gebod oortree word nie. En in baie gevalle word God se gebod wel oortree, sy eis dat Hy *binne die gawe van die huwelik* kinders aan ons toevertrou vir sy koninkryk.

Elkeen van hierdie tegnieke moet dus eenvoudig onderwerp word aan die lig van die Skrif. Eerstens moet alle vorme waar genetiese materiaal buite die pa en ma om gebruik word, afgewys word. Spermdonering, eiersel- en embriodonering moet afgewys word. Hier word 'n derde party in die huwelik ingebring, al geskied dit bloot tegnies deur middel van laboratoriumpipette. Dit is daarom in stryd met die sewende gebod en kom neer op in vitro owerspel.

Maar wat van in vitro fertilisasietegnieke binne die gemeenskap van die huwelik? In kort kan ons sê dat daar geen sonde in die tegniek self lê nie, maar wel hoe hierdie tegniek gebruik word.

Tydens die in vitro fertilisasietegniek word die eie eiersel van die vrou en eie spermsel van die man buite die normale gemeenskap om, in 'n proefbuis bevrug. Die rede hiervoor is moontlik 'n afwyking van die spermsel van die man of moontlik 'n afwyking van die eierstokke van die vrou. Gevolglik kan bevrugting nie normaal plaasvind binne die eierstok van die vrou nie. Die baarmoeder van die vrou is egter normaal.

So 'n huwelikspaar word deeglik ondersoek by 'n in vitro fertilisasie-kliniek en die probleem behoort deeglik met die ouers bespreek te word, sodat duidelik is wat die probleem is. As besluit word op in vitro fertilisasie word daar in die standaardkliniek 'n aantal eierselle by die vrou geneem met 'n endoskopiese en/of sonarondersoek. 'n Monster van die man se sperms word ook geneem. Hierna word bevrugting in die laboratorium bewerkstellig deur die spermsel in kontak te bring met die vrou se eiersel. Gewoonlik word meer as een eiersel bevrug, sommige eenhede selfs tot tien. Daar kan dus uiteindelik tien embrio's wees, waarvan 'n aantal (gewoonlik 'n maksimum van vier) in die baarmoeder van die vrou ingeplant word en 'n aantal gevries word vir latere 'gebruik' of donasie (so word daar dikwels onrespekvol van 'n nuwe lewe gepraat). 'n Gesaghebbende mediese bron meld sonder om te blik of te bloos oor die 'ekstra' embrio's: *"or simply dispose of them"*.

Die rede vir die bevrugting van meerdere embrio's is die feit dat daar 'n relatief hoë insidensie van embrio's is wat nie inplant nie en die hele proses 'n baie duur proses is.

VOORWAARDES

As ons hierdie proses uit Christelike oogpunt beoordeel moet ons 'n paar opmerkings maak.

1. Die Skrif praat van die embrio, nie as 'n gebruiksartikel nie, maar as die begin van God se handewerk tydens die weef van die mens in die moederskoot (Ps 139). Ons distansieer ons van die arrogante en goddelose manier waarmee daar oor God se skepping gepraat word.
2. Daarom sal mens by in vitro fertilisasie nie meer as twee embrio's bevrug nie. En altwee embrio's moet in die baarmoeder ingeplant word. As die Here wil mag daar dan 'n tweeling groei.
3. Die Here beskik oor die inplanting van die embrio's.
4. Geen embrio mag ingevries word vir sogenaamde latere gebruik nie. As die ma byvoorbeeld sou sterf of siek word, waar sal die embrio's dan ingeplant word? Maar dit is nie die belangrikste oorweging nie. Die belangrikste is die gehoorsaamheid aan God se gebod wat beveel dat ons ons lewe nie in gevaar mag bring nie.

As gelowiges moet ons dus ons vereistes tydens die uitvoer van hierdie tegniek eenvoudig stel. Dit moet met die dokters vooraf bespreek word. Hier volg 'n paar riglyne:

1. Geen donormateriaal nie.
2. Slegs twee embrio's word bevrug.
3. Geen seleksie van embrio's van watter aard word gemaak nie.
4. Altwee embrio's word tydens dieselfde behandeling (dus binne 2-3 dae) in die eie moeder ingeplant. Surrogaatmoederskap word afgewys.
5. Geen embrio's word ingevries nie.
6. Al kos dit baie meer geld as die standaard roetine manier.

Die gevaar is, is dat die dokters gewoon aangaan op die roetine manier en meer as twee embrio's bevrug. Sommige klinieke sal nie toestem om te behandel as bogenoemde vereistes deur ouers gestel word nie, weens kosteoorwegings. In een hospitaal in Nederland byvoorbeeld, die Akademiese hospitaal van die Vrije Universiteit word hierdie versoek wel gehonoreer, maar by geen ander kliniek in Nederland nie. In Suid-Afrika sal hierdie versoek wel in die privaatsektor gehonoreer word, met finansiële implikasies vir die ouers.

Die gebruik van hierdie tegniek binne die huwelik wat die Here ingestel het, met duidelike voorsorgmaatreëls, mag deur gelowige ouers gebruik word tot diens in God se koninkryk.

Vandag word God egter onbeskaamd uit sy eie werklikheid en skepping uitgeredeneer asof Hy daar niks mee te doen sou hê nie. Die sewende gebod het gewoon 'n vergete gebod geword in ons tyd. Medici en wetenskaplikes hou geen rekening daarmee dat daar 'n duidelike verband bestaan tussen dit wat ons in die skepping mag ondersoek en die 10 woorde van die HERE. Beide die skepping en die 10 gebooie het dieselfde Outeur, naamlik die HERE. Hy het daarin 'n verband en sisteem gelê, wat sou dit verbreek of geïgnoreer word, rampspoedige gevolge vir die gewone lewe op die hals haal.
En waar word die 10 woorde van God gehoor? In die kerk tydens die prediking van die Woord van die HERE. Daar is die uitgange van die lewe: In die tempel van die HERE. Juis in ons tyd is dit so belangrik dat hierdie werk kragtige voortgang vind, te midde van 'n chroniese afwesigheid van die hoor van die woorde van die HERE, wat onherroeplik lei tot die lewensafbraak. Daar is geen ander rede vir die goddelose manier waarmee daar vandag met embrio's en moderne vrugbaarheidsbehandeling gewerk word nie.

Wat 'n geweldige belangrike taak is daarom die weeklikse prediking van die Woord van die HERE. Dat ons almal hierdie Woorde verder kan uitwerk op die plek en die vak waar die Here ons gestel het. ¤

GKSA DOSENTE PUBLISEER DUIDELIKE VERKLARING OOR DIE "HISTORIESE JESUS"

Ds. P Nel

PEILING

Die dosente van die GKSA, verbonde aan die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, verdien 'n pluimpie vir hulle openbare verklaring in die *Kerkblad* van 19 Junie 2002 insake die "historiese Jesus". Die voortslepende debat rondom Jesus wat tans in die openbare pers gevoer word het die manne genoop om hulle stem publiek te laat hoor. Soos hulle dit self stel is: "Hierdie diskussie ... veral gestimuleer deur die studie resultate van die *Jesus-seminaar*, die waarde wat aan die *Evangelie van Thomas* geheg word en die oproep tot 'n *Nuwe Reformasie.* Volgens die *Nuwe Reformasie* moet anders gedink word oor God, oor Jesus, oor die Bybel, oor die kerk en oor die Christelike geloof."

DIE WAARDE VAN TEOLOGIES-WETENSKAPLIKE NAVORSING

Oor die waarde van teologies-wetenskaplike navorsing sê die professore dat hulle

"*ernstige en eerlike teologies-wetenskaplike navorsing verwelkom en self wil beoefen. Dit moet egter só gebeur dat sodanige navorsing voldoen aan die basiese vereistes van wetenskaplikheid en dat dit gerig is op die opbou van die Christelike geloof, die groei van die kerk en die koms van die koninkryk van God.*"

DIE BYBEL AS NORMATIEWE TEKS

Hulle voel dat die nuwe hervorming eerder deur "bepaalde voorveronderstellings" gedryf word as deur wetenskaplike navorsing en voel dat, as byvoorbeeld

"Matteus, Markus, Lukas en Johannes, as gewone teks op gelyke voet naas ander nie-Bybelse tekste aanvaar word, sal so 'n benadering noodwendig tot uiteenlopende studie resultate en gevolgtrekkings lei. Dit sou byvoorbeeld die geval wees as 'n mens die Evangelie volgens Markus en die sogenaamde Evangelie van Thomas gelykwaardig beskou."

Dit is nie duidelik waarom alleen die tweede Evangelie, Markus, vermeld word in die laaste sin nie. Moontlik gaan dit saam met die wetenskaplike "konsensus" dat dit die eerste en oudste van die Nuwe Testament se Evangelies is. Indien wel, het ons hier ook reeds 'n bepaalde voorveronderstelling vanuit die bronteorie, wat nie wetenskaplik geverifieer kan word nie. Oor die sogenaamde *Evangelie van Thomas* verklaar hulle dat dit

"in werklikheid geen Evangelie is nie maar 'n onsamehangende versameling van "uitsprake van Jesus" is. Hierdie "uitsprake van Jesus" is moontlik in die tweede eeu na Christus uit vroeë mondelinge oorlewering versamel en met denkbeelde van die Christelike gnostiese dwaalleer vermeng .... gebruik ... deur die Manigeërs, maar ... uit die staanspoor deur die Christelike kerk verwerp is as 'n apokriewe geskrif wat dwaalleer bevat. Nóg uit die geskiedenis nóg uit die inhoud van die dokument is daar enige rede om die Evangelie van Thomas as gesagvol of as gelykwaardig aan Bybelse geskrifte te beskou.

In lyn met die belydenis (NGB Art 5 en 6) verklaar die geleerdes van Potch dan:

Ons aanvaar die Ou en Nuwe Testament as 'n normatiewe, gesaghebbende en betroubare teks, nie soseer vanweë die ouderdom van die geskrifte of kerklike besluite daaroor nie, maar vanweë die openbaringsinhoud daarvan en omdat die Heilige Gees ons van die gesag daarvan oortuig. Ons erken voorts dat God se finale en hoogste openbaring in Jesus Christus te vind is en dat die hele Bybel buite Hom om nie reg verstaan kan word nie.

Hulle besef die belangrikheid van die grammaties historiese benadering van die teks, maar glo dat die Skrif "primêr" sy eie verklaarder moet bly. Hulle is ook

"diep bewus van die feit dat 'n vertrouensvolle aanvaarding van die Bybel as normatiewe teks nie 'n outomatiese versekering bied vir 'n juiste verstaan of teen 'n ideologiese misbruik daarvan nie. Juis hierdie gevaar beklemtoon die waarde van voortdurende en intensiewe Skrifnavorsing."

DIE BETEKENIS VAN DIE PERSOON EN WERK VAN JESUS CHRISTUS

Oor die persoon en lewe van Christus lui die verklaring:

Op grond van die gesagvolle getuienis van die Skrif moet die persoon en werk van Jesus Christus beskou word as van grondliggende betekenis vir die Christelike geloof.

Jesus Christus is die beeld van God en God woon met sy volle wese in Hom. God het in Hom verlossend en helend ingegryp en werk steeds helend in hierdie wêreld van sonde en nood. In Hom het God die bose magte van hierdie wêreld – die magte van sonde,

demone en dood – oorwin. Hy het mense verlos, tot sy kinders gemaak, hulle met Hom versoen, hulle gebroke verhouding met Hom herstel en so sy genade en vergifnis van sonde aan hulle geskenk.

In hierdie verlossingsdaad van God neem die kruisiging en opstanding van Jesus Christus 'n sentrale plek in. Ons Here Jesus Christus "is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word." Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte, en Hy is as oorwinnaar uit die dood opgewek.

Die kruisiging van Jesus Christus is 'n historiese gebeurtenis met verlossingsbetekenis. Jesus is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Hy is die losprys vir baie. Sy kruisoffer bewerk versoening, vryspraak, verlossing en vergewing van sondes. Sy dood reinig ons van alle sondes.

Oor die opstanding van Jesus Christus getuig ons saam met die apostels dat Hy liggaamlik uit die dood opgewek is/opgestaan het en dat Hy nou die lewende Here is wat oor alle dinge regeer totdat sy koninkryk voltooi is en die nuwe hemel en aarde aangebreek het. As Christus nie opgewek is nie, is ons geloof waardeloos en is ons nog in ons sondes gevange. "As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense". Op grond van die Skrifopenbaring is ons ook oortuig dat daar lewe na hierdie aardse dood is. Elkeen wat in Jesus Christus glo, lewe al sterwe hy/sy ook. Ons aardse dood is slegs die deurgang na die ewige lewe.

Wanneer die kruis en opstanding van Jesus Christus sodanig herinterpreteer word dat die historiese werklikheid daarvan wegval, dan word die inhoud van die Christelike geloof in sy wese aangetas. Daarsonder is daar geen goeie boodskap meer oor nie.

KRITIESE VRAE OOR JESUS-SEMINAAR

Die werkswyse, metodes en bevindings van die *Jesus-seminaar* is vir die PUK se teologiese vaders tereg "problematies". Hulle sê

Die studie resultate van die Jesus-seminaar teken 'n sterk gereduseerde Jesus-figuur en wek die indruk dat die vier evangelie beskrywings (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) nie 'n getroue weergawe bied van wie Jesus werklik was en is nie. In navolging van veral die Evangelie van Thomas beskou hulle Jesus slegs as profeet en wysheidsleraar sonder om enige verlossingsbetekenis aan sy kruisdood en liggaamlike opstanding (wat deur hulle betwyfel word) te heg. Só besien, verloor die evangelie van vrye genade sy besondere betekenis deurdat die evangelie gereduseer word tot 'n blote Jesus-etiek.

Ondersteuners van die Jesus-seminaar hanteer die Nuwe-Testamentiese boeke dikwels as die blote produk van vroeg-Christelike gemeenskappe, wat vanweë eie godsdienstige motiewe die historiese Jesus as die Messias en die Seun van God bestempel het. Die Nuwe Testament se boeke kom egter nie maar net van mense af nie maar is deur God geïnspireer. Soos God in hierdie boeke bekend maak, het Hy werklik in die geskiedenis sy Seun in hierdie wêreld gestuur, sodat die historiese Jesus inderdaad die Christus van God is. Hiervan is Jesus se opstanding 'n daadwerklike bewys in die geskiedenis.

DIE OPROEP TOT VOORTDURENDE REFORMASIE

Die professore voel dat daar nie na 'n "nuwe hervorming" in nuwe teologie gesoek moet word nie, maar dat daar juis teruggekeer moet word na die immergroen belydenis van die kerk van alle eeue. Hulle verklaar:

"'n Juiste verstaan van die evangelie van Jesus Christus kan 'n vernuwende uitwerking op die kerk en samelewing uitoefen. Terwyl ons treur oor soveel misbruik van die evangelie van Christus, ook in ons eie verlede, vertrou ons dat die Gees van Christus sy kerk in die toekoms sal lei om meer diensbaar te wees aan die erkenning van God se koningskap ook in Suid-Afrika. Ons is daarvan oortuig dat ware reformasie 'n voortdurende terugkeer na God se Woord en daarmee na God self behels. Dit staan dus lynreg teenoor die sogenaamde Nuwe Reformasie wat in wese 'n pleidooi is vir 'n beweging weg van die Bybel en weg van God soos Hy Homself in die Bybel openbaar.

Ons gebed is dat kerke nooit die taak van die reformasie van die kerk as afgehandel sal beskou nie. Ons gebed is verder dat Christene in Suid-Afrika hulle geloof in Christus veel meer tasbaar en met oortuiging sal uitleef en so sal bydra tot 'n samelewing waarin meer gesien word van die koningsregering van God, wat onder andere gekenmerk word deur vryheid, vrede, vreugde en geregtigheid.

Die getuienis is onderteken deur die volgende professore:
Prof BJ de Klerk, F Denkema, A le R du Plooy, JJ J van Rensburg, GJC Jordaan, PP Krüger, HF van Rooy, JH van Wyk, CJH Venter, FP Viljoen en JM Vorster.

Ons wil die manne van harte bedank vir hulle moedige getuienis in 'n tyd waar dit broodnodig geword het en waar hulle hulle eie populariteit onderwerp aan die getuienis van die kerk van Christus. Christene mag weer 'n ander stem hoor. Gereformeerdes mag weet dat die Woord van God onveranderlik en betroubaar is. Ons mag weet dat ons geloof nie op fabels en verdigsels berus nie, maar op die histories betroubare openbaring van God in die Bybel (2 Pet 1:16). Mag hierdie verklaring ons as gereformeerde kerke in Suid Afrika (GKSA en VGKSA) ook dwing om opnuut 'n gesamentlike getuienis te laat hoor deur eensgesindheid en 'n opregte soeke na konfessionele eenheid. ¤